

25 JUNIE

**SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 34:1-13
FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 34:8-13**

Leef met die Here na buite en na binne!

Van die eerste oomblik af word daar van Josia as koning getuig dat hy in gehoorsaamheid aan God geleef het. Sy hele lewe was een groot bewys hiervan. Eers het hy vanuit Jerusalem na buite gewerk. Alles wat die geur en die kleur van afgodediens gehad het, het hy afgebreek en verbrand: gewyde pale, afgodsbeelde en afgodsaltare in Jerusalem, Manasse, Efraim, Simeon, Naftali – die hele omgewing. Daarna is hy terug Jerusalem toe (vs. 7) en spits hom op die tempel toe. Mense is aangestel wat moes toesig hou oor die heropbou en herstel van die tempelgebou. Alles wat vervalde geraak het, moes weer opgebou word. Opsommend kan 'n mens sê dat Josia al die uiterlike aspekte van die volk se diens aan God weer in plek gekry het.

Dit alleen sou egter nie genoeg wees nie, maar sou maar weereens 'n godsdienst met hande sonder 'n hart daarin gewees het. Dit sou 'n mooi kerkgebou, puik bydraes en wonderlike opkomste verseker het, maar geen ware leef met God nie. Daarom gee Josia opdrag dat ook die erediens herstel moet word. Leviëte met hulle diensgroepe moet die offers tot eer van die Here voorberei. Leviëte moet leiding gee in die speel van die onderskeie musiekinstrumente sodat God van harte besing kon word. Hulle word aangestel as die administratiewe amptenare, die regsbeamptes en die poortwagte, sodat elke aspek van 'n daaglikse leef met God weer ten volle uitgevoer kon word. Nie net het Josia die volk van afgodediens na ware godsdienst gelei nie, maar ook hulle gesindheid teenoor hulle godsdienst van 'n pligpleging in 'n ware erediens verander.

In die Nuwe Testament word dieselfde boodskap verkondig met die beeld van 'n liggaam. Ons as volk van God is die liggaam van Jesus Christus. 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood. Ons is die liggaam van Christus, geroep om die Here lief te hê met ons hele verstand, ons hele hart en met al ons kragte.

Sing: Psalm 40:4

Ds Willem Kotze (Rooihuiskraal)